# LAERSKOOL VREDENBURG PRIMARY SCHOOL

Skoolstraat 1, Vredenburg, 7380 Tel.: 022-713 1161/2
E-POS: vredenburgls@mweb.co.za
Volg ons op FACEBOOK en besoek ons WEBBLAD vredenburgls.co.za

OMSENDBRIEF 2/2026 [2026.03.27]

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**EENVOUD IS DIE VREUGDE VAN DIE LEWE, DIS GEE EN NEEM NET WAT DAAR IS. DIS DANKBAAR EET AAN ELKE SKEWE SNYTJIE BROOD, WAT LIEFDE IS (Jannie du Toit)**



Ek skryf hierdie omsendbrief vandag, oorweldig deur POSITIEWE EMOSIES – **DANKBAARHEID, GENADE, HOOP, VOORSPOED EN VREUGDE**! Ek is so trots om met Laerskool Vredenburg se personeel, ouers, leerders en ons gemeenskap geassosieer te word – **ONS MAAK 'N VERSKIL**!

Ons leerders se waardes, die ondersteuning van ons ouers op opvoedkundige- en finansiële gebied en die ongelooflike goedheid en guns van ons gemeenskap maak hierdie skool 'n **BAKEN VAN HOOP** in uitdagende tye. Laerskool Vredenburg is 'n **SKOOL VAN KEUSE**, 'n plek waar kinders **DROOM, GROEI EN BLOM**.

Mag u en u gesin 'n welverdiende ruskans geniet. Mag u tyd maak om u kind in die oë te kyk en vas te druk – **UNIEK, KOSBAAR EN SPESIAAL** – hulle is net vir ons geleen.

Vriendelike groete

Nicoleen Loubser
*Skoolhoof*



## FINANSIES

**BAIE DANKIE** aan ouers wat getrou hul skoolfooie betaal en ouers / voogde wat reëlings tref en met ons kommunikeer.

1. Die **oorhandiging** van die EERSTE KWARTAAL 2026 vind plaas op Vrydag, 19 Junie 2026.
2. Aansoek om vrystelling van skoolgelde se sluitingsdatum vir die eerste kwartaal was 20 Februarie 2026. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang is, sal in die tweede kwartaal verwerk word en indien vrystelling toegestaan word, **geldig wees vanaf die maand van aansoek.**
3. **Maak asseblief seker van die korrekte verwysing vir elektroniese betalings** – geen onbekende betalings word opgevolg nie.



## OORSKAKELING VAN SOMER NA WINTERSDRAG



Ons weer is nou spoedig besig om te verander. Ons vra mooi vir u **samewerking dat die uniform korrek gedra sal word** en dat leerders 'n advertensie vir Laerskool Vredenburg sal wees – trots! **ALLE LEERDERS MOET VANAF DINSDAG, 28 APRIL 2026 OORSKAKEL NA WINTERSDRAG.**

| SEUNS | DOGTERS |
|---|---|
| WINTER | WINTER |
| ✓ Grys kortbroek met **lang** grys sokkies en swart skoolskoene. | ✓ Ligblou prinsesstyl voorskootrok met kort wit sokkies en swart skoolskoene of lang grys sokkies met swart skoolskoene. |
| ✓ Grys langbroek met grys sokkies en swart skoolskoene. | |
| ✓ Wit kortmou/langmou oopnekhemp. | ✓ Wit kortmou /langmou oopnekhemp |
| ✓ Skooltrui (koningsblou) of sweetpakbaadjie of moulose oortrektrui. | ✓ Skooltrui (koningsblou) of sweetpakbaadjie of moulose oortrektrui. |
| ✓ **Volledige sweetpak – baadjie en broek, met 'n wit skool golfhempie en sportskoene/tekkies met wit sokkies.** | ✓ **Volledige sweetpak – baadjie en broek, met 'n wit skool golfhempie en sportskoene/tekkies met wit sokkies.** |
| ✓ 'n Koningsblou Windjakker mag as tweede warm kledingstuk gedra word. | ✓ 'n Koningsblou Windjakker mag as tweede warm kledingstuk gedra word. |
| ✓ **GR.7's – Vrydae formele skooluniform.** | ✓ **GR.7's – Vrydae formele skooluniform.** |
| **LEERDERS MAG OP DIE DAE WAT HULLE PRAKIESE LO OF SPORT HET MET DIE BLOU QUANTEX BROEKIE SKOOL TOE KOM.** | |

## KLEREBANK

Die Klerebank verkoop tweedehandse skoolklere teen baie bekostigbare pryse. **Ons wil elke ouer bedank wat skenkings maak en sodoende verseker dat al ons leerders spoggerig lyk en die gevoel van trots en menswaardigheid kan ervaar.**



# GR. 1 TOELATINGS 2027



Ons herinner u vriendelik daaraan dat aansoeke om skooltoelating vir gr. R, 1 en 8 op Dinsdag, 14 April 2026 sluit. **U MOET AANLYN AANSOEK DOEN!**

Ter wille van LSV se beplanning en toelating van graad R- en 1-leerders, benodig ons u hulp wat betref gesinne wat reeds 'n "familie" van Laerskool Vredenburg is. <u>Dit is u verantwoordelikheid om die skool in te lig (per telefoonoproep of epos) indien u 'n biologiese boetie of sussie (dieselfde mamma of pappa) het wat in 2027 gr. R of 1 moet begin.</u>

**NB! Hierdie inligting waarborg u egter nie van 'n plek nie.**

# SKOOLURE TWEEDE KWARTAAL



**Die skoolure vir die tweede kwartaal van 2026 bly onveranderd.**

**<u>Die skool begin vir alle leerders stiptelik om 07:45.</u>**

Asseblief moet u kind nie verneder deur hulle laat by die skool af te laai nie. Indien u van publieke vervoer gebruik maak is dit 'n diens waarvoor u betaal en is laatkom ook nie aanvaarbaar nie.

**DISSIPLINE BEGIN MET STIPTELIKHEID.**

| | |
|---|---|
| **GRAAD R** | Verdaag Maandae tot Vrydae om 13:00. |
| **GRAAD 1 EN 2** | Verdaag Maandae tot Vrydae om 13:15. |
| **GRAAD 3** | Verdaag Maandae tot Donderdae om 14:00 en **Vrydae om 13:15.** |
| **GRAAD 4 - 7** | Verdaag Maandae tot Donderdae om 14:15 en **Vrydae om 13:30.** |

# PERSONEELAANGELEENTHEDE




**<u>MARIÉTTE DU TOIT – DIE "GELD-TANNIE"</u>**

Op 31 Maart 2026 is Mev. Du Toit amptelik afgetree en voltyds Ouma. Ons bedank haar vir haar **LOJALITEIT** en jarelange diens aan Laerskool Vredenburg. Haar kennis en ervaring gaan gemis word, maar ons is opreg dankbaar vir die stelsels en jare se "skoon" oudits wat ons onder haar leiding ontvang het. Jou reis wat op 1 November 1997 met LSV begin het eindig nie, jy neem net 'n ander afdraai-paadjie en ons GPS moet herbereken.

**<u>JUFFROU ANNEL VAN DER MERWE</u>**

Ons groet hierdie juffrou in graad 2A wat ons gehelp het om stabiliteit en ervaring na die klas te bring toe ons 'n krisis gehad het. Ons het egter nou 'n permanente aanstelling vir 1 April 2026 gemaak. Dit is met groot opgewondenheid dat ons nou hierdie nuwe aanstelling met u deel:



**JUFFROU CAITLIN ADAMS**, 'n jong dame van die Paarl, is aangestel en sal op 8 April 2026 by ons dinamiese span aansluit.

# SPORTVERSLAG

Ons poog om gebalanseerde leerders "groot te maak" en sport speel 'n baie belangrike rol in **FISIESE-, SOSIALE- EN EMOSIONELE ONTWIKKELING.**

## <u>ATLETIEK</u>

Ons het 'n merkwaardige atletiekseisoen agter die rug vanaf die KLEURE BYEENKOMS se massa deelname tot by vier atlete wat die WES-KAAP by die <u>SA Atletiekbyeenkoms</u> verteenwoordig (20/21 Maart) het.

**Hierdie atlete verwerf hulle WES-KAAP KLEURE:**

1. **Matthew Benham** – 10-jarige seun, 70mH
2. **Abulele Kamnqa** – 12-jarige dogter, 75mH
3. **Billy-John van der Westhuizen** – 12-jarige seun, 100m en 150m (hy verteenwoordig ook die Wes-Kaap in die 4x100m aflos en wen daarvoor 'n goue medalje – vinnigste 12-jarige aflosspan in die land).
4. **Zharia Londt** – 13-jarige dogter, verspring.



## <u>TWEEKAMP</u>

**Amoré Lombard** en **Jan-Hendrik Thiart** is twee 12-jariges wat ons naam hoog gehou het by die **Nasionale Tweekamp byeenkoms** wat in Februarie 2026 in Oudtshoorn aangebied is. Julle maak ons trots!

## <u>TENNIS</u>



Ons wens vir **Allan Olwagen** net die beste toe vir sy deelname aan Weskus/Wes-Boland tennisproewe.

## <u>KRIEKET</u>

**Liam King** en **Charl van Heerden** was verkies tot die Weskus-Suidkrieketspan – baie geluk!



## SWEM

'n Groep van ons swemmers neem vanjaar deel aan die **Wes-Kaapse swemproewe**, bekend as "levels". Hierdie swemmers kompeteer met swemmers van regoor die Boland en WP en ons is **BAIE TROTS** op hulle.



1. **Ané van Lill**
2. **Meane Dreyer**
3. **Mienke Dirker**
4. **Mecah Whon**
5. **Amelia van Lill**
6. **Tionie Groenewald**

## BELANGRIKE DATUMS
## TWEEDE KWARTAAL


| DATUM | GELEENTHEID |
|---|---|
| Woensdag 8 April | SKOLE OPEN<br>**Buitemuurse program begin** |
| Dinsdag 14 April | **Gr. R, 1 en 8 TOELATINGS / AANSOEKE vir 2027 SLUIT!!!** |
| Woensdag 15 April | **GR. 1 – 7 OUERDAG/AAND (Slegs per afspraak)** |
| Do/Vry 16/17 April | Individuele- en Klasfoto's |
| Saterdag 18 April | Porterville Sportdag (WEG)<br>Netbal en Rugby |
| Maandag 27 April | PUBLIEKE VAKANSIEDAG<br>VRYHEIDSDAG |
| Vrydag 1 Mei | PUBLIEKE VAKANSIEDAG<br>WERKERSDAG |
| Maandag 6 Mei | **Hokkie vs CURRO (weg)** |
| Saterdag 9 Mei | MIKRO SPORTDAG (TUIS)<br>Hokkie, netbal en rugby |
| Donderdag 14 Mei | **LSV GESLUIT – HEMELVAART** |
| Saterdag 16 Mei | SWARTLAND SPORTDAG (TUIS)<br>Hokkie, netbal en rugby |
| Maandag 18 Mei | **Hokkie vs CPM (weg)** |
| Saterdag 23 Mei | **DAMESOGGEND MET MARION HOLM** |
| Maandag 25 Mei | **Hokkie vs Topolino (tuis)** |
| Saterdag 30 Mei | HUGO RUST SPORTDAG (WEG)<br>Hokkie, netbal en rugby |
| Ma tot Do 8 tot 18 Junie | **EKSAMEN: GRAAD 4 – 7** |
| Maandag 15 Junie | SKOLE VAKANSIEDAG |
| Dinsdag 16 Junie | PUBLIEKE VAKANSIEDAG<br>JEUGDAG |
| Vrydag 26 Junie | SKOLE SLUIT |

*Kinders met DROME word volwassenes met VISIE – Maya Angelou*

## TOP 10 AKADEMIESE PRESTEERDERS

Dankie vir julle harde werk en toewyding – dit werp vrugte!


| GRAAD 4 | |
|---|---|
| 1 | STEENKAMP, JEAN LOUIS |
| 2 | JACOBS, LIENKE |
| 3 | COMBRINCK, ALEXIS |
| 4 | HILL, DEVAN |
| 4 | KHUSELO, LULO |
| 5 | DE RAEDT, SKYLER |
| 5 | VAN BLERK, MICAH |
| 6 | GRIFFITHS, ZACHARY |
| 6 | VAN NIEKERK, MIA |
| 7 | STANDER, GERDA |
| 8 | ROSSOUW, ESJE |
| 9 | MOHAMED, CULLEN |
| 10 | DREYER, MEANE |



| GRAAD 5 | |
|---|---|
| 1 | BEZUIDENHOUT, MARNUS |
| 2 | MASON, TAYEGHEN |
| 3 | PIETERSE, CHRISLU |
| 4 | MATTHEWS, KOURTNEY |
| 5 | POTGIETER, ALEXANDER |
| 6 | MILSTEIN, AYLA |
| 6 | SWIGELAAR, BRE |
| 7 | SERFONTEIN, CJ |
| 8 | FERNANDEZ, ZOE |
| 9 | VAN NIEKERK, EMILY |
| 10 | HAHNE, TAYLOR ANN |




| GRAAD 6 | |
|---|---|
| 1 | NELSON, ROSSOUW |
| 1 | OLWAGEN, ALLAN |
| 2 | CAMPBELL, ROMAY |
| 3 | PIENAAR, ANSUNET |
| 4 | KAMNQA, ABULELE |
| 5 | KOEKEMOER, CISCA |
| 6 | HUMAN, YANE |
| 6 | POTGIETER, ANNEMART |
| 7 | NIEUWOUDT, LIENKA |
| 8 | LOMBARD, AMORE |
| 9 | ROOS, ABIGAIL |
| 10 | VAN BLERK, EMILY |



| GRAAD 7 | |
|---|---|
| 1 | OLIVIER, GENISA |
| 2 | DU PLESSIS, LUKE |
| 3 | VAN ZYL, LANA |
| 4 | FOURIE, ANDRIES |
| 5 | BUYS, MARNUS |
| 6 | DE WET, WILMI |
| 7 | LE ROUX, JUAN |
| 8 | ROSS, JESSE |
| 8 | THERON, RJ |
| 9 | KNUTSEN, ANGELLE |
| 10 | VAN LILL, AMELIA |



**GENIET U VAKANSIE!**